**Donderdag 11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20; Handelinge 1:8-11; HK Sondag 19, Vraag 52**
**Fokusgedeelte: Handelinge 1:9**

## Ek glo in Jesus Christus … wat opgevaar het na die hemel

Ons glo met die hart en bely met die mond dat Jesus Christus na die hemel opgevaar het. In die hemel is Hy "vir ons ten goede" (HK So. 18, v/a 46). Tans is Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader, Hy bid vir ons. Verder is Hy besig om vir ons 'n hemelwoning voor te berei. Ons bely ook dat Hy vanuit die hemel sy Gees na ons gestuur het (HK So. 18, v/a 49).

Besef jy hoe 'n groot troos dit gee en hoe geloofsversterkend dit is om aan die sekere wete vas te hou dat Jesus vir jou vanuit die hemel bid en dat Hy besig is om ook jou hemelwoning voor te berei om jou daarheen te neem wanneer dit gereed is, terwyl Hy jou deur sy Gees in die hier en die nou versterk?

Jesus se hemelvaart is egter nie net 'n troos nie. Met sy hemelvaart gee Hy die "groot opdrag", naamlik: "Gaan dan heen …" (Matt. 28:19), en: "… julle sal my getuies wees …" (Hand. 1:8). Ons Here weet egter hoe swak ons in onsself is om in 'n sondige wêreld sy getuies te wees. Daarom gee Hy ook die bemoediging: "Onthou, Ek is altyd met julle" (Matt. 28:20), en: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom" (Hand. 1:8).

Wat 'n voorreg om te mag bely: Ek glo in Jesus Christus … wat opgevaar het na die hemel!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2 (en/of) Skrifberyming 6-1:1, 2*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*